LANDBOUWEEKBLAD
17 Jun 2011, p.83

Alle verskaffers in die bedryf se dienste en produkte se pryse het gestyg, maar die melkboer se prys het van verlede Julie af met 'n rand gedaal en nou weer met 50c gestyg. Dit maak dit onmoontlik vir die boere om te oorleef. Kan 'n verwerker vir ons sê hoeveel sy kaas se prys gedaal en nou weer gestyg het? Daar is blykbaar geen voorraad in die koelkamers nie.

Ek sal graag wil weet hoe dit vir Parmalat moontlik is om by Nestlé melk te koop as laasgenoemde die beste prys in die Suid-Kaap betaal. Is dit nie die boere se ondergang nie, of word dit die vrye mark genoem? Waarom kan ek nie in dieselfde posisie wees as my koöperasie nie?

Daar is onlangs 'n prysverhoging van kragvoer aangekondig. Ek het laat weet my melkprys laat my nie toe om die verhoging te absorbeer nie en iemand moet my kom sien. Die betrokke persoon het my kom sien met die boodskap: Jammer, dit is soos dit is.

As ek produksiemiddele vir my melkery koop, word bloot vir my gesê dit is wat jy my gaan betaal. Maar ek kan nie dieselfde vir die melkkoper sê nie; ek het geen bedingingsmag nie.

Wat het geword van die kooperasie wat die boere moet dien? Waarom kan die winsgrens nie verlaag word nie? Ons as produsente het dan nou geen wins nie, so ons eie koöperasie – wat aan die boere behoort – se simpatie is nie daar nie. Waar moet ons dan na simpatie gaan soek?

Daar sal beslis 'n verandering moet kom, want as die boer nie volhoubaar kan boer nie, sal die besighede ook nie kan bestaan nie. Enkele boere het geld om nuwe werktuie te koop, maar daar is ook dié wat nie eens geld het om hul oues te laat herstel nie en moet die herstelwerk maar self doen.

Brandstof se prys is nou weer wat dit in 2008 was. 'n Boer sê vir my sy kragrekening was voorheen in die somer R14 000, maar verlede maand was dit R42 000. Almal weet die vervoer van mielies en lusern kos 'n volle 25% van wat jy betaal.

Die ironie van die saak is dat ons in 2005 en 2008 in dieselfde posisie was en niks het verander om dit te voorkom nie. Die Suid-Afrikaanse Melkprosesseerdersorganisasie bly verduidelik dat produsente se prys sywaarts sal beweeg. Hoekom? Om die bedryf te breinspoel? Produsentepryse moet styg.

Waarom word meer vir Holsteinmelk as drinkmelk betaal, maar as daar te veel is, word dit ook in die kaasmark gestort? Wie onthou nog die vergadering op George waar ons gestem het melk is melk?

Dan kom ons by nog 'n vergadering op Hartenbos waar die produsente die ou Melkraad "geskiet" het. Was dit regtig die regte besluit?

GIELIE DE KOCK
rolhoek@iafrica.co.za

Melkbedryf steeds in krisis

Die feit dat 'n melkboer, soos dr. Josef Uys van die Suid-Kaap, sy melkery gestaak het, kan sekerlik nie deur die bedryf geïgnoreer word nie. Uys en sy vrou is melkboere van formaat. Hulle het egter net nie meer kans gesien vir die swak finansiële toestand waarin dié bedryf in die Suid-Kaap is nie.